40minute BYBELSTUDIES

# Wees Jou Roeping as Leier Waardig

Kay Arthur, David & BJ Lawson

PRECEPT MINISTRIES SOUTH AFRICA

Wees Jou Roeping As Leier Waardig
Gepubliseer deur Precept Ministries South Africa
met toestemming van WaterBrook Press
12265 Oracle Boulevard, Suite 200
Colorado Springs, Colorado 80921
*A division of Random House Inc.*

A translation of the book
Rising To The Call Of Leadership
*by* Kay Arthur *and* David & BJ Lawson
published by WaterBrook Press

© Aanhalings uit 1953-Afrikaanse vertaling van die Bybel met verlof van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika.

ISBN 978-1-62119-031-8

Kopiereg © 2007, 2009 Precept Ministries Suid-Afrika

Alle regte voorbehou. Geen gedeelte van hierdie publikasie mag gereproduseer of oorgedra word in enige vorm of op enige manier, elektronies of meganies, sonder die skriftelike verlof van die kopiereghouers nie. Dié beperking sluit in foto-afdrukke, opnames of enige ander stelsel van berging en opsporing van inligting.

Gedruk deur Bevan Group, Strand
2012

10 9 8 7 6 5 4 3 2 1

# HOE OM HIERDIE STUDIE TE GEBRUIK

Hierdie kleingroepstudie is vir mense wat belangstel om self meer te leer wat die Bybel sê oor verskeie onderwerpe, maar wat net beperkte tyd vir saamkom het. Dit is byvoorbeeld ideaal vir ’n middagetegroep by die werk, ’n vroegoggendmannegroep, ’n jongmoedergroep in ’n huis, ’n Sondagskoolklas of selfs vir huisgodsdiens. (Dit is ook ideaal vir kleingroepe wat gewoonlik meer tyd vir byeenkom het—soos aandgroepe of Saterdagoggendgroepe—en wat net gedeelte van hul tyd saam aan werklike studie wil bestee, terwyl die origige tyd vir gebed, gemeenskap of ander aktiwiteite gehou word.

Hierdie boek is so beplan dat al die groeplede elke les se studietake *gelyktydig* én *saam* kan voltooi. Die bespreking van die insig wat jy verkry het uit wat God omtrent die onderwerp sê, openbaar opwindende, treffende lewenswaarhede.

Alhoewel dit ’n groepstudie is, benodig jy ’n leier om die studie te lei en die bespreking aan die gang te hou. (So ’n persoon se taak is *nie* dié van ’n lektor of onderwyser nie. As hierdie boek egter in ’n Sondagskoolklas of ’n soortgelyke omgewing gebruik word, moet die onderwyser vry voel om meer direk leiding te gee en bykomende insig by te voeg bý dit wat in die les van elke week voorsien word.)

As jy jul groep se leier is, kan die volgende nuttige wenke jou taak vergemaklik:

- Werk deur die les en merk die teks voordat jy die bespreking lei. Dit maak jou toenemend vertroud met die materiaal en stel jou in staat om die bespreking met groter gemak te lei. Kies as leier ’n spesifieke kleur vir elke simbool. Dit sal jou help om die groep te lei met die merk van woorde.
- Begin by die begin van die teks en lees dit eenvoudig hardop

in die volgorde in die les, insluitende die "insigraampies" wat deurgaans verskyn. Werk saam deur die les terwyl julle waarneem en bespreek wat julle daaruit leer. Soos jy die teksverse lees, moet die groep die woord wat hulle moet merk, hardop sê.

- Die besprekingsvrae is daar om jou te help om die materiaal te hanteer. Jy sal dikwels vind dat, sodra die klas tot die bespreking oorgaan, hulle self die vrae sal stel. Onthou, die vrae is daar om die groep by die bespreking te hou, nie om die bespreking te belemmer nie.
- Dit is belangrik dat mense hul antwoorde en ontdekkings verwoord. Dit versterk grootliks hul persoonlike begrip van die weeklikse les. Maak seker dat elkeen volop geleenthede het om aan die besprekings deel te neem.
- Hou die besprekings aan die gang. Dit mag beteken dat meer tyd aan sommige dele van die studie bestee word as aan ander. As dit nodig is, mag jy gerus 'n les oor meer as een byeenkoms laat strek. Onthou egter: moenie die pas té stadig maak nie. Dis baie beter om elkeen na meer te laat smag, as om mense te hê wat uitsak weens 'n afname in belangstelling.
- As die geldigheid of korrektheid van sekere antwoorde betwyfel word, kan jy op 'n sagte, dog vriendelike manier, die groep herinner om te fokus op die waarheid van die Skrif. Jou doel is om te leer wat die Skrif sê en nie verwikkeld te raak in wat mense sê nie. Hou eenvoudig vas aan die Skrif en gee God die kans om te spreek. Sý Woord ís die waarheid (Johannes 17:17)!

# WEES JOU ROEPING AS LEIER WAARDIG

Wat maak van 'n leier 'n leier? Wat is dit wat 'n leier onderskei van ander wat maar net die persoon in beheer is?

Dr. Martin Luther King het eenmaal geskryf: Daar was 'n tyd toe die kerk baie magtig was—in die tyd toe die vroeë Christene hulle daarin verheug het as hulle waardig geag is om te ly vir dit wat hulle geglo het. In daardie dae was die kerk nie bloot 'n termometer wat die idees en beginsels van die populêre mening weergegee het nie; dit was 'n termostaat wat die sedes van die samelewing bepaal het."[1]

---

1 King, Martin Luther Jr., *Letter from Birmingham Jail, 16 April 1963*. © Die boedel van Martin Luther King Jr.

Wat, in leierskap, maak die verskil tussen 'n termometer en 'n termostaat? 'n Termostaat bepaal die agenda, terwyl 'n termometer bloot waarneem wat alreeds vasgestel is.

Dr. King het die kerk beskryf, maar die beskrywing pas individuele leiers in die liggaam van Christus net so goed.

Leierskap is moeilik. God roep ons egter tot leierskap—in ons huisgesin, gemeenskappe, gemeentes en uiteindelik ook die wêreld.

Wat verwag God van hulle wat Hy in gesagsposisies plaas? Watter eienskappe onderskei die doeltreffende leier van iemand wat maar toevallig op die voorpunt is? Hoe kan jy die leier wees waartoe God jou geroep het?

Dit is sommige van die vrae wat ons, aan die hand van die lewens van vier Ou Testamentiese leiers, in die lig van God se Woord gaan ondersoek. Hierdie voorbeelde sal aan ons gesaghebbende insig gee in die kenmerke van goeie leierskap, sowel as die slaggate wat ons invloed en doeltreffendheid kan ondermyn.

Ons gebed is dat hierdie studie jou 'n basiese begrip sal gee van die eienskappe wat ons as manne en vroue van God benodig, ons wat geroep is om met Bybelse gesag en krag te leef in 'n wêreld wat dringend betroubare leiers nodig het.

## WEEK EEN

Een van die grootste probleme wat ’n leier kan teëkom, is om op die regte optrede te besluit wanneer ander die reëls verbreek of sy gesag uitdaag. Ons gaan vandeesweek na twee manne kyk wat presies met hierdie situasie gekonfronteer is, maar wat op totaal verskillende maniere gereageer het.

### WAARNEMING

Gedurende die laaste dae van die Rigters-tydperk in Israel, was Eli die dienende hoëpriester in Silo. Sy seuns, Hofni en Pinehas, het as priesters onder sy leierskap gedien.

***Leier:*** *Lees 1 Samuel 2:12-17 hardop.*

- *Laat die groep hardop saam lees en elke verwysing na* ***die seuns van Eli*** *of* ***die dienaar van die priester****, insluitende alle voornaamwoorde en sinonieme, met ’n* **P** *merk.*

*Wanneer jy die teks lees, is dit nuttig as die groep die sleutelwoorde sê terwyl hulle dit merk. Op dié manier sal elkeen seker wees dat hy/sy die woord merk elke keer as dit voorkom. Dit geld ook vir alle sinonieme woorde of -frases. Doen dit dwarsdeur die studie.*

**1 SAMUEL 2:12-17**

12 Maar die seuns van Eli was deugniete; hulle het die HERE nie erken nie.

13 Die handelwyse van die priesters teenoor die volk was só: As iemand ’n offer slag, dan kom die dienaar van die priester, net soos die vleis kook, met die drietand-vurk in sy hand,

14 en steek in die kastrol of in die pot of in die pan of in die skottel: alles wat die vurk optrek, neem die priester vir homself. So het hulle met al die Israeliete gedoen wat daar, in Silo, gekom

het.

15 Selfs voordat hulle die vet aan die brand steek, kom die dienaar van die priester en sê aan die man wat offer: Gee vleis om vir die priester te braai, want hy sal nie gekookte nie, maar net rou vleis van jou neem.

16 As die man vir hom sê: Laat hulle net eers die vet aan die brand steek, neem dan vir jou soos jou siel begeer—dan sê hy: Nee, maar jy moet dit nou gee; en so nie, dan neem ek dit met geweld.

17 En die sonde van die jongmanne was baie groot voor die aangesig van die HERE, want die mense het die offer aan die HERE verag.

## BESPREKING

- Wat het jy uit die duidelike beskrywing in vers 12 en 13 omtrent die seuns van Eli waargeneem?

- Bespreek kortliks die optrede van Eli se seuns, soos dit beskryf is in vers 12 en 13. Wat openbaar dit omtrent hul karakter?

### INSIG

Die boek Levítikus beskryf in besonderhede die Wet van Moses en die offerstelsel. Levítikus 7 sê dat die vet van die offerdiere aan die Here behoort het en verbrand moes word. Levítikus 10:14-15 beskryf baie duidelik die priester se gedeelte van die offer. Die gebruike in 1 Samuel 2 is onteenseglik 'n verontagsaming van God se instruksies.

- Volgens vers 16 het selfs die gewone aanbidder geweet dat God se deel voorkeur moes kry bo dié van die priester. Hoe het Eli se seuns gereageer toe hulle met hul verbreking van die Wet gekonfronteer is?

## WAARNEMING

***Leier:** Lees 1 Samuel 2:22-25 hardop. Laat die groep die volgende woorde merk:*

- *elke verwysing na **Eli**, insluitende die voornaamwoorde, met 'n* **E**.
- *elke verwysing na **Eli se seuns**, insluitende voornaamwoorde, met 'n* **P**.

## BESPREKING

- Wat het jy uit hierdie gedeelte oor Eli geleer?
- Wat het Eli omtrent sy seuns se gedrag gehoor en van wie het hy dit gehoor?

### INSIG

Volgens Deuteronómium 21:18-21 het die Wet van Moses beveel dat, indien 'n seun geweier het om te gehoorsaam as sy vader hom getugtig het, of as hy selfs net geweier het om te luister, die vader sy koppige en wederstrewige seun na die oudstes by die stadspoort moes bring, waar hulle hom sou stenig sodat hy sterwe en so die kwaad in hul midde uitroei.

### 1 SAMUEL 2:22-25

22 Maar Eli was baie
oud, en as hy hoor
alles wat sy seuns aan
die hele Israel doen, en
dat hulle gemeenskap
hou met die vroue wat
dien by die ingang
van die tent van same-
koms,

23 dan sê hy vir hulle:
Waarom doen julle
sulke dinge, dat ek
van hierdie hele volk
julle slegte dinge moet
hoor?

24 Dit moenie wees
nie, my seuns, want
dit is geen goeie gerug
wat ek hoor nie; julle
maak dat die volk van
die HERE oortree.

25 As mens teen mens
sondig, dan beslis die
owerheid oor hom,
maar as 'n mens teen
die HERE sondig, wie
sal dan vir hom as
skeidsregter optree?

Maar hulle het nie na hul vader geluister nie, want die HERE wou hulle ombring.

- Hoe het Eli gereageer op die berigte van sy seuns se gedrag? Was sy reaksie doeltreffend? Verduidelik jou antwoord.

- Wat moes Eli se eerste stap as geestelike leier van Israel en as leier van sy hele gesin gewees het?

- Beskryf die die Here se reaksie op die gedrag van Eli se seuns. Wat openbaar dit omtrent die erns van die situasie?

- Beskryf wat jy geleer het omtrent Eli se leierskap as vader en as hoëpriester.

**1 SAMUEL 2:27-35**

27 En daar het 'n man van God by Eli gekom en vir hom gesê: So spreek die HERE: Het Ek My nie duidelik geopenbaar aan die huis van jou vader toe hulle in Egipte in die huis van Farao was nie?

## WAARNEMING

As gevolg van Eli se onvermoë om met sy seuns se optrede te handel, stuur God aan hom 'n ernstige boodskap deur 'n onbekende boodskapper.

***Leier:*** *Lees 1 Samuel 2:27-35 hardop. Laat die groep die volgende saam sê en*

- *elke verwysing na* ***Eli,*** *insluitende voornaamwoorde, met 'n* **E** *merk.*

- *elke verwysing na **God**, insluitende voornaamwoorde, met 'n driehoek merk:* △
- *die woord **hart** só* ♡ *merk.*

## BESPREKING

- Waarvan word *Eli* in vers 29 beskuldig? Waarom is Eli verantwoordelik gehou vir sy seuns se optrede?

- Watter beginsels van leierskap kan uit God se boodskap aan Eli geleer word?

28 En Ek het hom vir
My as priester uitgekies
uit al die stamme van
Israel om op my altaar
te klim om die reuk-
werk aan die brand te
steek, om die skouer-
kleed te dra voor my
aangesig; en Ek het aan
die huis van jou vader
al die vuuroffers van
die kinders van Israel
gegee.

29 Waarom verag julle
my slagoffer en my
spysoffer wat Ek in my
woning beveel het, en
eer jy jou seuns meer as
vir My deur julle vet te
voer met die beste van
elke offergawe van my
volk Israel?

30 Daarom spreek
die HERE, die God
van Israel: Ek het wel
duidelik gesê: Jou
huis en die huis van
jou vader sal voor my
aangesig wandel tot in

ewigheid. Maar nou
spreek die HERE: Dit is
ver van My; want die
wat My eer, sal Ek eer;
maar die wat My verag,
sal veragtelik wees.

31 Kyk, die dae kom
dat Ek jou arm en die
arm van jou vader se
huis sal afkap, sodat
daar geen bejaarde in
jou huis sal wees nie.

32 Dan sal jy die
benoudheid van my
woning aanskou, in
alles waarin Hy aan
Israel goed sal doen; en
in jou huis sal daar al
die dae geen bejaarde
wees nie.

33 Maar Ek sal, om jou
oë te laat wegkwyn en
jou siel te laat versmag,
een vir jou nie uitroei
van my altaar af nie; en
al wat aangroei uit jou
huis, sal op manlike
leeftyd sterwe.

- Die man van God het 'n duidelike prentjie geskets van wat met die priesterskap in Israel sou gebeur. Bespreek die uitkoms van wat hier vir Eli se familie voorspel word.

- Daar is ’n kontras tussen vers 34 en 35. Wat is dit? Waarom is dit betekenisvol?

- Wat het jy uit die merk van *hart,* in hierdie gedeelte, geleer? Wat openbaar dit omtrent God se verwagtinge van ’n leier?

**WAARNEMING**

Terwyl Eli se seuns teen die weë van God wederstrewig was, is die verantwoordelikheid aan die hoëpriester toevertrou om Samuel groot te maak—Samuel die kind wat deur God aan sy moeder geskenk is. Uiteindelik het God Samuel geroep om ’n profeet vir sy (God se) mense te wees. Kom ons kyk kortliks na die eerste baie persoonlike gesprekke wat Samuel met God sou hê.

**34** En dit sal vir jou die teken wees wat oor jou twee seuns, oor Hofni en Pínehas, sal kom: Op een dag sal hulle altwee sterwe.

**35** En Ek sal vir My ’n getroue priester verwek wat sal handel soos dit in my hart en in my siel is, en Ek sal vir hom ’n bestendige huis bou, sodat hy al die dae voor die aangesig van my gesalfde kan wandel.

**1 Samuel 3:11-14**

11 Toe het die Here aan Samuel gesê: Kyk, Ek gaan ’n ding doen in Israel waarvan elkeen wat dit hoor, se twee ore sal tuit.

12 Dié dag sal Ek aan Eli vervul alles wat Ek oor sy huis gespreek het, van begin tot end.

13 En Ek sal hom te kenne gee dat Ek sy huis gaan oordeel tot in ewigheid oor die ongeregtigheid wat hy geweet het; want toe sy seuns skande oor hulleself gebring het, het hy hulle nie streng bestraf nie.

14 En daarom sweer Ek aangaande die huis van Eli: Waarlik die ongeregtigheid van die huis van Eli sal tot in ewigheid nie deur slagoffer of spysoffer versoen word nie.

***Leier:*** *Lees 1 Samuel 3:11-14 hardop. Laat die groep hardop saam sê en*

- *elke verwysing na **die Here**, sowel as voornaamwoorde, met ’n driehoek merk.* △
- *elke verwysing na **Eli**, asook voornaamwoorde, met ’n* **E** *merk.*

## BESPREKING

- Bespreek God se boodskap aan Samuel en wat daardeur bevestig is.

- Eli was nie ’n veragtelike priester soos sy seuns nie, maar hy was die man in beheer. Waar, volgens hierdie gedeelte, het Eli se leierskap misluk, nie net in sy huis nie, maar ook in sy priesterkap?

## WAARNEMING

Nadat God sy boodskap deur Samuel gestuur het, het Eli en sy seuns net vir 'n kort tydjie geleef. Hofni en Pinehas het uiteindelik in 'n geveg gesneuwel waartydens die Filistyne die verbondsark buitgemaak het. Eli het gesterf by die aanhoor van die slegte nuus. Sy nasate het nog vir drie geslagte voortgegaan om as priesters te dien. Daarna het die verantwoordelikheid verskuif na Sadok, afstammeling van Eleáser, seun van Aäron, in wie se bloedlyn die priesterskap dwarsdeur die geskiedenis van Israel, gebly het. Die tydsverloop tussen Samuel se profesie en die vervulling daarvan was ongeveer 130 jaar.

## WAARNEMING

***Leier:*** *Lees 1 Samuel 3:15-20 hardop en laat die groep*

- *'n raampie trek om elke verwysing na* ***Samuel****, sowel as voornaamwoorde wat na hom verwys.*
- *elke verwysing na* ***Israel****, asook voornaamwoorde, met 'n ster merk.*

### 1 SAMUEL 3:15-20

15 En Samuel het bly
lê tot die môre toe. En
hy het die deure van
die huis van die HERE
oopgemaak; maar
Samuel was bevrees
om die gesig aan Eli
mee te deel.

16 En Eli het Samuel
geroep en gesê: Samuel,
my seun! En hy
antwoord: Hier is ek.

17 Toe vra hy: Wat is
die woord wat Hy met
jou gespreek het? Verberg
dit tog nie vir my
nie. Mag God so aan
jou doen en so daaraan
toedoen as jy iets van
al die woorde wat Hy
met jou gespreek het,
vir my verberg.

18 En Samuel het
hom al die woorde
meegedeel, en niks vir
hom verberg nie. En
hy het gesê: Hy is die

HERE; laat Hom doen
wat goed is in sy oë.

19 En Samuel het
groot geword, en die
HERE was met hom;
en Hy het nie een van
al sy woorde onvervuld
laat bly nie.

20 En die hele Israel
van Dan tot Berséba
het erken dat Samuel
betroubaar was as 'n
profeet van die HERE.

## BESPREKING

- Wat het jy geleer uit die merk van *Samuel*?

- Hoe het Samuel gereageer toe Eli met hom gepraat het, ten spyte daarvan dat hy 'n jong seun was en bang was om sy mentor te vertel van die gesig wat hy gesien het. Wat sê dit vir jou omtrent sy karakter en leierskapspotensiaal?

- Waarvandaan, het Eli besef, kom die woorde wat met Samuel gespreek is?

- Wat het bevestig dat Samuel God se spreekbuis was? Wie het besef dat hy 'n profeet van die Here was?

### JOSUA 1:6-9

6 Wees sterk en vol
moed; want jy sal hier-
die volk die land laat
erwe wat Ek hulle vad-
ers met 'n eed beloof
het om aan hulle te
gee.

7 Wees net baie sterk
en vol moed, om

## WAARNEMING

Ons het gesien hoe moed, of die gebrek daaraan, die leierskap van Eli en Samuel geraak het. Ter afsluiting van hierdie week kyk ons na 'n kruisverwysing waarin God ons wys op die belangrikheid van moed in die lewe van 'n leier. Hierdie gedeelte gee die besonderhede van God se instruksies aan Josua, net voor hy die leierskap van Israel sou oorneem, ná Moses se dood.

## WAARNEMING

***Leier:*** *Lees Josua 1:6-9 hardop. Laat die groep*

- *'n kronkellyn trek onder elke frase* ***wees sterk en vol moed****.*
- *die voornaamwoorde* ***jy*** *en* ***jou****, wat na Josua verwys, omkring.*
- *elke verwysing na* ***goeie gevolg*** *(sukses) met 'n uitroepteken* **!** *merk.*

## BESPREKING

- Wat het jy geleer uit die merk van *wees sterk en vol moed*? Wie het dit beveel?

- Hoe sou Josua, volgens hierdie gedeelte, sukses behaal as leier?

- Watter getuienis kan jy aanhaal om die verband tussen sukses en moed te bevestig? Waar sal 'n leier vandag moed vandaan kry? Bespreek jou antwoorde.

nougeset te handel volgens die hele wet wat Moses, my kneg, jou beveel het; wyk daarvan nie regs of links af nie, sodat jy met goeie gevolg kan handel, oral waar jy mag gaan.

**8** Hierdie wetboek mag nie uit jou mond wyk nie; maar bepeins dit dag en nag, sodat jy nougeset kan handel volgens alles wat daarin geskrywe staan; want dan sal jy in jou weë voorspoedig wees, en dan sal jy met goeie gevolg handel.

**9** Het Ek jou nie beveel nie: Wees sterk en vol moed, wees nie bevrees of verskrik nie; want die HERE jou God is met jou oral waar jy heengaan.

## SAMEVATTING

In ons studie van hierdie gebeure in die lewens van Eli en Samuel, sien ons dat 'n doeltreffende leier nie alleen gewillig moet wees om te doen wat reg is nie, maar ook om ander uit te daag om dieselfde te doen. Dít verg moed.

Eli het 'n skandelike gebrek aan moed en krag teenoor sy seuns geopenbaar. Hy het geweet dat hulle hul eie selfsugtige begeertes bo hul bediening aan die volk van God gestel het, maar hy het in gebreke gebly om hulle doeltreffend te dissiplineer. Hy het toegelaat dat hul sondige optrede die geestelike gesondheid van die volk bedreig.

In teenstelling daarmee, het Samuel groot moed aan die dag gelê toe hy 'n wrede boodskap aan Eli moes oordra. Hy het gekies om aan die Woord van God gehoorsaam te wees, al sou dit beteken dat hy sy mentor, met wie hy duidelik 'n innige verhouding gehad het, moes aanstoot gee. Samuel het nie alleen die moed gehad om sy mentor te konfronteer nie, maar ook om die hele volk aan te spreek!

Ons sien dus dat moed 'n noodsaaklike eienskap van doeltreffende leierskap is. Moed is nie die gebrek aan vrees nie, maar dit is die gewilligheid om te doen wat reg is, ten spyte van vrees. Sulke moed gee ons die krag om diegene naaste aan ons, met die waarheid van God se Woord te konfronteer. Waar kry ons hierdie moed? Deur 'n intieme wandel met God, soos ons in die volgende weke sal sien.

Die vraag wat jy jouself nou moet afvra is: Is ek gewillig om op te staan, waar God my ook al geplaas het, om met moed en krag te lei?